Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)

# Jesus *bemoedig* jou

**As jy dink jy staan alleen ...**

Dit was 'n Saterdagoggend. Een uur ná middernag. In enige huishouding is die lui van die telefoon hierdie tyd van die nag geen goeie teken nie. Soveel te meer as jou familie honderde lidmate insluit. Dit was die pa van drie kinders. Hulle oudste, 21 jaar oud, op slag dood. 'n Ongeluk op die snelweg. Toe ek by hulle kom, sit hy met haar seëlring in sy hand toegeknyp, sy kneukels wit, asof hy 'n laaste stukkie van haar lewe by hom probeer vashou. Hoe troos en bemoedig jy daardie mens wat pas van 'n motorwrak en hulle lewelose dogter teruggekeer het huis toe?

En toe was daar die oproep een koue wintersoggend, so twee ure voor sonsopkoms. Die mense se huis het pas tot op die grond toe afgebrand. 'n Elektriese kortsluiting. Daar staan 'n gesin van vier op die sypaadjie met net die klere wat hulle aanhet. Alles wat hulle tot dusver bymekaargemaak het, in 'n paar oomblikke verwoes en vernietig. Hoe troos en bemoedig jy iemand wat moes staan en kyk hoe elke aardse besitting in vlamme verteer is?

Daar is geen resep vir troos en bemoediging nie. By sommige mense is bemoediging om net daar te wees, 'n stille teenwoordigheid, 'n drukkie. By andere is bemoediging woorde van troos en ondersteuning, saampraat, 'n geleentheid gee om hart skoon te maak. Vir andere is bemoediging praktiese hulp en bystand, planne maak, help met die reëlings.

Maar: al verander troos en bemoediging van persoon tot persoon, van een omstandigheid na 'n ander, die bron waaruit ons ware troos en bemoediging put en uitdeel, is onveranderlik. "My enigste troos is dat ek aan Jesus Christus behoort" is nie net die inleidende woorde van die Heidelbergse Kategismus nie, maar ook die goue draad deur die Kategismus tot waar dit in die amen eindig: "dit is waar en seker" (HK, So. 1 en 52).

"Die Here is my Herder, ek kort niks meer nie", verklaar Dawid in Psalm 23. Want die Here is alles, die onveranderlike bron van goedheid, altyd teenwoordig. Dawid bely God soos Hy Hom aan ons geopenbaar het: as die Een wat is en altyd sal wees, wat troos en bemoedig deur die dood heen, deur vuur heen en noem maar op. "As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder" (Jes. 43:2, 3).

**... staan jy in werklikheid nooit alleen nie ...**

Op 'n dag kom 'n man by sy dominee vir berading aanklop. Hy was in die greep van algehele finansiële verval. Ek het alles verloor! roep hy wanhopig uit. Ek is jammer om te hoor dat jy jou geloof kwyt is, antwoord die dominee hom. Nee, nee, help die man hom reg, ek het beslis nog my geloof. Maar dan is dit tog so jammer dat jy jou integriteit moes prysgee. Ek het dit nooit gesê nie, stribbel die man teë, ek het darem nog my integriteit. Maar dan moes jy sekerlik jou redding verloor het. Nee, glad nie, my redding in Christus staan vir ewig vas. O, antwoord die dominee hom, jy het nog jou geloof, jou integriteit makeer niks en jou redding is vas tot in ewigheid, dit lyk nie vir my

*2 Tessalonisense 2:16, 17 –*

*"En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader."*

jy het iets verloor wat die moeite werd is om oor te kla nie!

Dit is immers die boodskap wat op bykans elke bladsy van die Bybel verkondig word. Die Here is ons Herder, daarom het ons niks tekort nie. Die Here ken ons op ons name, daarom het ons niks te vrees nie. Die Here is ons Trooster, daarom is ons nooit meer alleen nie.

Dit is hierdie waarheid wat ons opnuut met Kersfees gedenk: God se teenwoordigheid in ons lewens, "om deur ons Here Jesus Christus bemoedig en versterk te word", in Paulus se woorde aan die Tessalonisense.

**... want die Here is bo jou, langs jou, in jou!**

Die woord wat Paulus hier gebruik om Jesus se bemoediging aan die gelowiges in Tessalonika uit te druk, het by hulle die beeld opgeroep van iemand wat langs jou kom staan om jou in alles te help en te begelei. Soos 'n blinde wat 'n besige straat moet oorsteek en dit geensins sou kon regkry as daar nie iemand langs hom kom inval, sy arm vat en hom veilig oor die straat help nie.

Dit is in kern wat dit beteken om deur Jesus bemoedig te word. Sy koms na ons wêreld en sy teenwoordigheid in jou wêreld is om jou arm te vat en langs jou, jou oor die besige straat van hartseer en pyn, ellende en bedruktheid, eensaamheid en dood oor te help na waar daar vrede, rus en kalmte is. Jesus bemoedig jou.

Dit is hierdie selfde beeld wat Jesus gebruik as Hy sy dissipels meedeel dat Hy aan hulle 'n ander Trooster sal stuur, om langs hulle te kom loop en hulle te begelei op hulle lewenspad verder. Die Heilige Gees as Helper, om te ondersteun en te bemoedig. Dit wat Hy, vir 'n tyd, vir hulle gedoen het, dra Hy nou aan die Heilige Gees op – sonder om self daarmee op te hou. Nou het ons Jesus in die hemel as Trooster, ons Voorspraak by die Vader – en die Heilige Gees as Trooster in ons harte, elke dag in ons lewens teenwoordig.

Vanuit al die hoeke waarmee Kersfees belig kan word, is een van die helderste die waarheid dat Christus se koms vir ons tot bemoediging is. "Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die *God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikheid verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig*" (2 Kor. 1:3, 4).

Jesus bemoedig ons, sodat ons andere kan en mag bemoedig. Hy is ons Raadgewer, "Wonderbare Raadsman" (Jes. 9:5), wat deur sy Woord en Gees aan ons perspektief gee op al ons lewensvrae, sodat ons andere met raad kan en mag bedien.

Hy is ons Helper, want deur die Gees staan Hy ons in ons swakheid by: "Ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons" (Rom. 8:26), sodat ons in ons swakhede mekaar deur die Gees kan en mag ondersteun.

Hy is ons Voorspraak, tree vir ons in by die Vader, staan ons by, sodat ons deur sy Gees vir mekaar kan en mag bid. Hy is ons Krag, Hy maak ons sterk. "Ek bid dat Hy deur sy Gees aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word" (Ef. 3:16), sodat ons mekaar in die geloof kan en mag versterk.

Om met Kersfees opnuut te bely: Jesus bemoedig ons, is om die rykdom van sy teenwoordigheid in ons lewens te besing. Daar is eenvoudig net niks wat ons van sy liefde en genade kan skei nie. Daar is hoegenaamd niks waarvoor sy liefde en genade nie antwoorde en uitkoms bied nie.

Jesus bemoedig jou. Hy is bo jou, langs jou, in jou! DK